



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



Koring OEMFF® Vroeg & Vlagblaar



Naam:

Koring OEMFF® Vroeg en Koring OEMFF® Vlagblaar

Eienskappe (Wat):

'n Fyn, droë, hoogs wateroplosbare produk.

Koring OEMFF® Vlagblaar	g/kg					Koring OEMFF® Vroeg	g/kg				
	N	P	K	Mg	S		N	P	K	Mg	S
Makro-elemente (g/kg)	195.2	33.2	64.1	-	-	Makro-elemente (g/kg)	78.6	174.2	32.6	-	-
Sekondêre-elemente (g/kg)	-	-	-	58.5	84.5	Sekondêre-elemente (g/kg)	-	-	-	40.5	58.5

Koring OEMFF® Vlagblaar	mg/kg						Koring OEMFF® Vroeg	mg/kg					
	Fe*	Mn*	Zn*	Cu*	B	Mo		Fe*	Mn*	Zn*	Cu*	B	Mo
Spoor elemente (mg/kg)	1040	1300	1350	1200	1038	395	Spoor elemente (mg/kg)	2503	2015	2250	1200	1800	395

* = cheleerd

Voordele (Hoekom):

- Al is daar genoegsame hoeveelhede voedingstowwe in die grond, kan koring om verskeie redes steeds tekorte ondervind.
- By die koringplant word die aantal blare en aantal halms reeds tot en met die pypstadium bepaal, d.w.s. die grootte van die "fabriek", asook die potensiele aantal are. Voedingstowwe tot en met die vlagblaarstadium word hoofsaaklik vir graanvul gebruik, terwyl voedingstowwe na die vlagblaarstadium en veral na die blomstadium, hoofsaaklik vir graanvul en -kwaliteit gebruik word. Voedingstoftekorte gedurende die vroeë groeistadium sal hoofsaaklik opbrengs benadeel terwyl voedingstoftekorte na die vlagblaarstadium graanopbrengs en veral graankwaliteit kan benadeel.
- Sekere voedingstowwe is belangriker as ander voedingstowwe gedurende die verskillende groeistadiums. Die produkte is spesifiek ontwikkel vir 'n vroeë toediening op koring om aan die spesifieke behoeftes vir graanvul en -kwaliteit te voldoen. Die nodige mikro-elemente is cheleerd.
- **Koring OEMFF® Vroeg** verhoog die effektiwiteit van die koringplant deurdat dit onder andere wortelontwikkeling en bladgroenproduksie vir fotosintese bevorder.

- **Koring OEMFF® Vlagblaar** is spesifiek ontwikkel om voedingstowwe te voorsien wat hoofsaaklik vir graanvul en -kwaliteit gebruik word. Voedingstoftekorte na die vlagblaarstadium kan graanopbrengs, maar veral graan-kwaliteit benadeel. Graankwaliteit t.o.v. hektolitermassa, proteïeninhoud en uitloopweerstand is met die formulering van die produk in berekening gebring.
- Jy hoef slegs een produk as blaarvoeding in die spuittenk te gooi.

Toediening (Hoe):

Produk	kg/ha	Tyd van Toediening
Koring OEMFF® Vroeg	3 tot 4 kg	Koring OEMFF® Vroeg as blaarvoeding vir algemene groei en ontwikkeling op ongeveer die stoelstadium teen 'n maksimum van 3%-konsentrasie.
Koring OEMFF® Vlagblaar	2 tot 3 kg	Koring OEMFF® Vlagblaar as 'n blaarvoeding, veral vir bestuiwing, bevrugting en graanvulstadiums onmiddellik na die vlagblaarstadium teen 'n maksimum van 3%-konsentrasie.
	8 & 6 kg	Kan ook op genoemde stadiums deur oorhoofse besproeiingstelsels toegedien word.
		Om maksimum absorpsie te verseker, moet Koring OEMFF® Vroeg & Vlagblaar vroeë in die oggend of laatmiddag toegedien word. Moenie spuit wanneer temperature 30 °C oorskry nie en ook nie op verlepte plante nie, aangesien dit kan lei tot 'n verminderde opname en skade aan die plante. Daar word aanbeveel dat 'n observasietoets gedoen word deur eers 'n klein hoeveelheid van die spuitoplossing te meng. Die gebruik van 'n geskikte kleefmiddel word aanbeveel.

Gebruike (Waar):

- **Koring OEMFF®** bevat makro-, sekondêre en mikro-elemente in 'n verhouding wat spesifiek voordelig vir koring is en kan as algemene aanvulling gebruik word, indien nodig.
- Is uiters geskik waar koring aan stremming soos versuip/droogte, koue/hitte of ander chemiese middels blootgestel was.
- Kan onder baie hoë grond pH of baie lae grond pH toestande gebruik word waar probleme met spesifieke mikro-elemente verwaag word.